Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# KLEURLINGE IN MILITÊRE VERBAND

## Die Verdediging van die Kaapkolonie tot 1795

Uit die vroegste geskiedenis van die Kaapkolonie blyk dit dat die verdediging die taak van blankes sowel as nie-blankes was. Die verdediging was nie alleen teen buitelandse mededingers gerig nie maar, was ook deeglik gemik teen plaaslike vyande.

Vroeë voorbeelde van hierdie beleid word in 1661 teengekom toe die Verenigde Oos-Indiese Kompanie (VOC) 'n ekspedisie teen die Hottentotte geloods het, terwyl Kaapmans die blankes bygestaan het. In 1674 het 'n regeringskommando, wat onder meer uit Hottentotte bestaan het, teen die Boesmans opgetree. Ook in 1676 het 'n blanke kommando met Hottentotte teen die Sonkwas te velde getrek.

Die toenmalige VOC-beleid blyk duidelik in 1700 toe blanke koloniste en Hottentotte as dienspligtig beskou is. 'n Uitvloeisel van hierdie beleid word in 1741 gevind toe neergelê is dat, ingeval van opkommandering, blankes dié nie-blankes moet saamneem wat 'n geweer kan hanteer.

In 1781 is die Regiment Pandoere, bestaande uit vrygestelde slawe, deur die VOC as 'n deel van die Staande Mag opgerig. Kort hierna, in 1787, is die "Corps der Vrijen" in die lewe geroep. Hierdie was 'n Kleurlingkorps wat deur blanke offisiere aangevoer is.
Die rol wat die kleurlinge in verdedigingsaangeleenthede gespeel het, is verder in 1795 beklemtoon toe die taak van militêre versterkings soos loopgrawe heeltemal aan die Pandoere oorgedra is.

## Britse Bewind (1795-1803)

Nieteenstaande die bestuurswysiging in hierdie periode het die bogenoemde beginsel van verdediging nie verander nie. Verdedigingstake is deur blankes en nie-blankes verrig. Ter bevestiging hiervan is die oorlog teen Hdlambi van belang toe Hottentotte saam met blankes opgetree het.

Die vroeëre nie-blanke verdedigers van die VOC wat in 1795 teen die Britse besetting gebruik is, is in 1797 saamgesnoer deur lt J. Cambell as die **Cape Corps** toe hulle onder leiding van die **98th Foot Regiment** gekom het.

In 1801 is Hottentotte ook gebruik vir die onderdrukking van die Van Jaarsveld-rebellie — hierdie keer is die Kleurlinge egter as wadrywers, touleiers en veewagters by kommando's aangewend.

Gedurende 1802 het die Korps 'n naamsverandering ondergaan en het as die **Hottentot Light Infantry** bekend gestaan met 'n sterkte van tussen 500 en 600.

## Bataafse Bewind (1803-1806)

Gedurende hierdie kort tydperk van Hollandse regering het die ligte-infanterie Hottentotte-regiment onder bevel van blanke offisiere bly voortbestaan. Hierdie eenheid is in 1806 gebruik om te help met die verdedigng van die Kaapkolonie.

## Tweede Britse Besetting (Na 1806)

Die vroeëre Engelse benaming, **Cape Corps:** is verander tot **Cape Regiment.** In hierdie verband moet op die twee aanmerkings van maj. Tylden[1] gelet word:

a. In verband met die benaming **Cape Corps: As the name implies, other ranks have always been Eurafricans bred in the Cape Colony, although any coloured man could usually enlist.**

b. **Cape Corps**[2] na 1806: **The name Cape Corps persisted unofficially for many years, applied to the C.M.R. (Cape Mounted Riflemen, Imperial).**

Laasgenoemde opmerking lei onmiddellik tot die **Imperial Cape Mounted Riflemen.** Hierdie eenheid is aanvanklik, onder die benaming **Cape Regiment** onder maj John Graham, in 1806 as 'n infanterieregiment met 'n sterkte van tien kompanies gestig. Die offisiere was Britte en die lede Kleurlinge.

1. G. Tylden, **The Armed Forces of South Africa,** Johannesburg, 1954, p.49.
2. Die benaming **Cape Corps** is amptelik weer in 1915 vir die eerste keer in gebruik geneem.

Hierdie eenheid is feitlik in sy geheel op 24 September 1817 ontbind toe slegs 'n klein getal infanteriste onder die benaming **Cape Light Infantry** voortbestaan het en 'n berede afdeling, bekend as die **Cape Cavalry,** vir die verdediging van die Oosgrens in die lewe geroep is.

Die Kleurlingeenhede is op 25 November 1827 saamgesnoer onder die naam **Cape Mounted Riflemen** en het onder hierdie naam as 'n berede eenheid diens verrig tot 1870. In 1850 is die samestelling van die Korps, vanweë oproerige optrede van sommige van sy lede, verander tot twee-derdes blank en een-derde nie-blank, terwyl geen verdere nie-blanke lede aangeneem is nie.

Dwarsdeur hierdie periode het die sterkte van die Korps gewissel tussen 300 en 1 000 lede. Bevelvoerders was die volgende:

1830 — Maj Cox
1838 — Maj W. Burney
1839 — Lt kol H. Somerset, CB, KH
1850 — Lt kol Sutton
1859 — Lt kol G. Staunton
1866 — Lt kol L. E. Knight

In die periode tot 1870 het Kleurlinge, as lede van die CMR, in 1842 aan die Britse militêre besetting van Port Natal deelgeneem. Ook aan die slag by Boomplaats in 1848 en verskeie Kaapse grensoorloë het Kleurlinge deelname gehad.

## Eerste Wêreldoorlog

Van 1870 tot 1915 het die Kleurlinge nie weer in 'n vegtende hoedanigheid aan militêre optredes deel gehad nie. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hulle aan Imperiale kant as kokke, wadrywers ens. aan die oorlogspoging deelgeneem.

Met die uitbreek van die eerste Wêreldoorlog in 1914 is Kleurlinge weer eens in 'n nie-vegtende hoedanigheid gedurende die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika gebruik. In teenstelling met die nie-blankes in Duitse militêre diens is hulle ook nie bewapen nie. In hierdie veldtog het Kleurlinge belangrike werk by krygsbehoefte-, kommissariaat-, transport- en remontedepots en in militêre hospitale verrig. In hierdie veldtog is 35 000 nie-blankes vir sulke take gebruik. Dit blyk egter nie uit rekords hoeveel Bantoes en Kleurlinge daar afsonderlik was nie.

Na afloop van bogenoemde veldtog is 'n oorgangsperiode beleef toe 'n werwingsveldtog van stapel gestuur is om Bantoes en Kleurlinge op 'n vrywilligergrondslag in nie-vegtende poste saam met die Imperiale magte na Duits-Oos-Afrika, Frankryk en Palestina te stuur. In hierdie periode het die Kleurlinge vertoë tot die owerhede gerig om saam in 'n eenheid gegroepeer te word.

Die gevolg van hierdie versoek is die totstandkoming van 'n infanteriebataljon op 20 September 1915 bestaande uit Kleurlinge. Slegs die offisiere van die bataljon was blankes en die eerste bevelvoerder was lt kol G. A. Morris van die **Natal Carbineers.** Laasgenoemde aanstelling was van 5 Oktober 1915 van krag. Op 1 November is maj. C. N. Hoy, ook van die **Natal Carbineers** as tweede-in-bevel benoem. Die bataljon is aanvanklik **Cape Corps Battalion**[3] genoem, maar is later herdoop tot **1st Battalion Cape Corps.**

Simonstad is as mobilisasiesentrum aangewys. Die lede is op dieselfde diensvoorwaardes as dié van Imperiale troepe aangestel (d.w.s. hulle sou in diens gehou word tot ses maande na die verstryking van die oorlog).

Soldy is betaal op dieselfde skaal as die van Britse infanteriste. Die blanke lede van die bataljon is egter volgens Unie-tariewe besoldig.

Inswering van rekrute het op 25 Oktober 1915 'n aanvang geneem en die belangstelling was sodanig dat die bataljon op 12 Desember op volle sterkte was. Teen die einde van Januarie 1916 was die basiese opleiding van die bataljon afgehandel. Op 9 Februarie het die **Cape Corps** aan boord van die **Armadale Castle** na Mombasa vertrek vir deelname aan die Duits-Oos-Afrika-veldtog.

Die Bataljon is van Mombasa per spoor na Kajiado vervoer vanwaar hulle na 'n driedaagse verblyf na die front by Langado-West gestuur is. Op die gevegsterrein is die Bataljon aan die 2de Brigade van die 1ste Oos-Afrikaanse Divisie toegevoeg.

Die 1ste Oos-Afrikaanse Divisie het sy aanval op 5 Maart 1916 begin. Op 7 Maart is aan **129 Baluchis** en 600 lede van die **Cape Corps**

3. Die benaming **Cape Corps** is dwarsdeur die Eerste Wêreldoorlog beide in Engels en Afrikaans gebruik. Die benaming **Kleurlingkorps** word eers gedurende WO II gebruik.

opgedra om Ngare Nairobi vanuit die Nanjubi-moerasse aan te val. In die nag van 7/8 Maart het die **Cape Corps** sy vuurdoop ontvang. Op 8 Maart het die **Cape Corps**, gesteun deur versterkings, Ngare Nairobi binnegeval. Tot Junie 1916 was die **Cape Corps** verantwoordelik vir die verbetering en versterking van verbindingslyne — 'n taak waarvoor hulle baie lof ingeoes het. Na voltooiing van hierdie taak is die eenheid op Tsame saamgetrek en by die divisietroepe as deel van die veldformasie ingedeel.

In Julie 1916 het 'n gedeelte van die Bataljon, onder bevel van maj Hoy, na Lubigura opgeruk om die vyand te probeer keer. Die hele Bataljon is daarna verantwoordelik gehou vir die Kangata-Houdini-sektor. Hierdie taak het neergekom op die streng bewaking van 'n veertig kilometer padlengte

In die uitvoering van bogenoemde taak is die eerste medalje vir verdienste aan 'n Kleurling gemaak. Baie myne is deur die terugvallende vyand in die pad gelê en kpl Dernos het, alhoewel hy geen kennis van myne besit het nie, 'n Duitse myn onskadelik gemaak — 'n daad waarvoor hy die MM (Military Medal) verwerf het.

Nadat die Kleurlinge ook instrumenteel in die verowering van Morogoro was, het hulle van 2 September tot 12 Desember 1916 'n welverdiende ruskans gekry om te herstel van vermoeienis en siektes soos veral malaria en dissentrie.

Tydens die rusperiode is die **Cape Corps** oorgeplaas na die 2de Brigade van die 3de Oos-Afrikaanse Divisie onder bevel van genl maj Coen Brits. Versterkings is spoedig ontvang deurdat maj Hoy en kapt Tondy op 15 Oktober na Tanga vertrek het om 600 soldate, wat uit hospitale ontslaan is, weer in te lyf en verder op te lei. Ook uit Suid-Afrika is rekrute vir die Bataljon ontvang, sodat dit met twee kompanies vergroot kon word en 'n sterkte van 1 500 man oorskry het.

Op 5 Desember 1916 sluit maj Hoy met 1 350 korpslede te Hoofkwartier by verdere versterkings uit Suid-Afrika aan en bring die **Cape Corps** se totale sterkte in Oos-Afrika op meer as 2 000.

Die opmars na die Rufiji-gebied het op 12 Desember 1916 'n aanvang geneem. Lt kol Morris was in bevel van A en D kompanies, bestaande uit 770 man terwyl maj Hoy B en C kompanies, bestaande uit 750 man, aangevoer het. Mediese gevalle en oortollige bagasie is onder beheer van kapt Jardine agtergelaat.

Op 2 Januarie 1917 het 500 lede van die **Cape Corps**, 'n seksie van **1 Kashmir Mountain Battery** en die **Faridkot Pioneers** (Indië) 'n opmars van twaalf ure begin, ruim vyftig kilometer afgelê en gedurende die nag wat op die volgende dag gevolg het 'n vyandelike kamp aan die oorkant van die Rufijirivier met 'n bajonetstormloop uitgewis.

Die volgende skermutseling waarin Kleurlinge betrokke was, volg op 20 Januarie toe 685 korpslede, onder lt kol Morris, 800 vyandelike troepe na 'n geveg die aftog laat blaas het.

Tydens die reënseisoen is die **Cape Corps** te Mpangas saamgetrek. Malaria en dissentrie het onder die troepe uitgebreek. Op 17 Februarie het maj Hoy met 'n kolonne siekes na Morogoro vertrek, terwyl lt kol Morris die oorblywendes aangevoer het in verdere offensiewe. Op 12 Maart het ook hierdie groep te Morogoro aangekom. Van die 1 500 gesonde troepe van dertien weke tevore het slegs die bevelvoerder, vyf offisiere en vyf-en-sestig uitgeteerde manskappe oorgebly. Malaria, dissentrie, honger en swaarkry het hul spore duidelik op die korps gelaat.

Die plan om die eenheid te laat uitrus en herstel, is nooit verwesenlik nie. Op 17 April het maj Hoy opdrag ontvang om met dié korpslede wat reeds herstel het na Itigi te vertrek. Slegs veertien offisiere en 400 manskappe uit die 28 offisiere en 800 manskappe in die kamp was in staat om te vertrek. Van Itigi moes hulle ses dae kniediep deur moerasse sukkel tot by Kiromo waar kol Murray bevel oorgeneem het. Na 'n verdere maand is die afdeling na Malongwe waar hulle 'n paar weke garnisoensdiens verrig het. Op 10 Julie vertrek lt kol Morris met 19 offisiere, 526 lede van die Cape Corps, 109 masjiengeweer- en een-en-twintig draagbaardraers per trein van Morogoro na Arusha. Op 20 Julie vertrek maj Hoy en sy kolonne na Dodoma.

Op 1 Oktober slaag lt kol Morris om die vyandelike aanvoerder Naumann tot oorgawe te dwing en kon hulle na Morogoro terugkeer. Die hele bataljon word per trein en skip op 30 Oktober na Njangao teruggeneem.

Met 226 draers ter versterking van die Batal-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

jon ruk lt kol Morris op 5 November teen die vyand te Mkungu op. 'n Geveg van 'n paar dae ontwikkel en vier korpslede verwerf gedurende hierdie botsing toekennings vir dapperheid op die slagveld. Die lede was lt Samuelson, kpl Abrahams, O-kpl Le Roux en Kwartiermeester-sersant-majoor Calvert. Die Sitaat met betrekking tot kpl Abrahams, DCM, soos ontleen aan die byvoegsel tot die **London Gazette** van 18 Februarie 1918 (2172) lui soos volg:

> **For conspicious gallantry and devotion to duty.**
> **During the attack on a difficult and important objective he displayed great courage and initiative, and in the consolidation of the same showed marked qualities of skill and leadership, rendering valuable assistance.**

Aangaande KSM C. Calvert, DCM, is in die desbetreffende sitaat, soos gepubliseer in die byvoegsel tot die **London Gazette** van 28 Maart 1918 (3893) soos volg getuig:

> **For conspicious gallantry and devotion to duty.**
> **When his company commander and two other officers had become casualties, he rendered valuable service in helping to organise the firing line, and in bringing up the ammunition under concentrated gun fire. His fearlessness and bold initiative were only equalled by his energetic efforts under conditions of great danger and difficulty.**

Op 11 November het die Bataljon Nangoo beset en vertrek kort daarna na Massai. 'n Deeglike mediese ondersoek van die bataljonlede het daar aan die lig gebring dat die bataljon ongeskik vir aktiewe diens was. Op 20 Desember 1917 gaan die **Cape Corps** gevolglik aan boord van die **Caronia** te Dar-es-Salaam en kom op 25 Desember in Durban aan. Van Durban is die bataljon na Kimberley gestuur en is hulle te Riverton gehuisves.

Die goeie werk wat deur die 1ste Bataljon **Cape Corps** in Oos-Afrika verrig is, het die gedagte in Suid-Afrika laat ontstaan om 'n tweede bataljon op die been te bring. Op 15 Maart 1917 is die nodige magtiging daartoe verleen. Die aanvanklike sterkte is op twee kompanies gestel terwyl (later) nog twee bygevoeg is. Blanke offisiere en onderoffisiere is uit Oos-Afrika onttrek om die opleiding waar te neem.

Op 5 Junie 1917 is lt kol J. C. B. Clayton, MC, as bevelvoerder aangewys terwyl maj R. W. McCluskie op 1 Julie as tweede-in-bevel van die tweede bataljon aangestel is. Die bataljon is in drie groepe per trein na Niassaland vervoer waar hulle gedurende Julie en Augustus aangekom het vir verdere opleiding te Blantyre.

Na hul opleiding is **2 Bataljon Cape Corps** te M'tengula in Portuguees-Oos-Afrika in die veld gestoot om patrolliewerksaamhede te verrig. Op 22 Mei 1918 het hulle aan hul eerste geveg te Chison deelgeneem waar die vyand swaar verliese gely het.

Aangesien krygsverrigtinge in Duits-Oos-Afrika begin afneem het, is **2 Bataljon Cape Corps** 20 Julie 1918 teruggetrek met uitsondering van nege offisiere, tien onderoffisiere en 486 man wat na Egipte, ter versterking van 1 Bataljon, gestuur is. Die oorblywende gedeelte van 2 Bataljon het op 15 September 1918 in Kimberley aangekom waar hulle gedurende November/Desember 1918 ontbind is.

Na 'n rusperiode is **1 Bataljon Cape Corps** op 3 April 1918 weer gemobiliseer en aan boord van die **Magdalena** van Durban na Egipte gestuur.

Hierdie eenheid het op 20 April 1918 te Kantara aangekom waar hulle aanvanklik vir garnisoensdiens gebruik is en daarna opleiding vir optrede in Palestina deurloop het. Na die opleiding wat te Kantara en El Arish plaasgevind het, het die eenheid op 15 Julie, as deel van die 160ste Brigade, na die Palestynse front, met Rham Alla as bestemming, vertrek. Die bataljon is egter getref deur dissentrie, malaria en griep met die gevolg dat daar op 20 Augustus slegs 340 man gevegsgereed was. Op 18 September het die syfer opgeskuif na 561.

Die groot offensief het egter op 17 September begin. Gedurende die nag van 18/19 September het die **Cape Corps** as voorhoede Wye Hill en Square Hill aangeval en 181 Turke gevange geneem. Die geveg het die hele volgende dag voortgewoed en uiteindelik is al die offisiere van A en B kompanies sodanig verwond dat hulle nie kon voortgaan nie. Die onderoffisiere moes die leiding oorneem en die gevegsterrein, Square Hill, stelselmatig ontruim. Die gevegsverlies het te staan gekom op ses offisiere gesneuwel terwyl een aan sy wonde beswyk het met nog sewe gewond. Van die manskappe is veertig dood, 103 ge-

wond terwyl ses man aan wonde beswyk het.
Hierdie geveg het 'n aantal DCM-toekennings opgelewer — o-kpl I. W. Arendse, kwartiermeester-sersant-majoor D. J. Brown, sers J. Swartz, sers M. February, o-kpl W. Hutchinson en sers S. D. Jansen. Die sitaat van o-kpl Arendse word hieronder aangehaal:

> **For conspicious gallantry and devotion to duty.**
> **This NCO, when his officer and a machine gun crew had been either killed or wounded, and the gun out of action and left dangerously near the enemy exposed to heavy machine gun fire, made gallant attempts to recover it, ultimately succeeding in doing so, and there after efficiently handling it against the enemy. Every time this NCO has been in action he has been highly spoken of.**

Na 21 September was daar geen verdere infanteriegevegte nie en die bataljon is vir herwinningswerk aangewend.

Na die oorlog op 31 Oktober 1918 in die Midde-Ooste beëindig is, is die korps terug na Egipte. Tydens onluste gedurende Maart 1919 word die lede vir garnisoensdiens in Alexandrië gebruik.

Op 6 Augustus 1919 het hulle aan boord van die **Tambo** na Kaapstad vertrek waar hulle op 5 November gedemobiliseer is en die eenheid ontbind is.

Die twee bataljons **Cape Corps** het in totaal vir die Eerste Wêreldoorlog byna 7 000 man in die veld gehad.

Die volgende dekorasies is deur lede verwerf:

Distinguished Conduct Medal: 16
Military Medal: 8
Eervolle vermelding (Mentioned in dispatches): 34
Medaille Militaire (Frans): 1
Orde van die Kroon van Italië (brons): 2
Décoration Militaire (Belgies): 2

Die twee bataljons het ook die volgende Britse gevegsonderskeidings ontvang:

1ste Bataljon: Megiddo
Nablus
Palestine 1918
Kilimanjaro
Behobeho
Nyango
East Africa 1916-17

2de Bataljon: East Africa 1917-18

Benewens die twee infanteriebataljons wat die oorlog in 'n vegtende hoedanigheid meegemaak het, het nog twee, nie-vegtende, eenhede sodanige oorlogsdiens verrig dat dit vermelding verdien — **1 Cape Coloured Labour Battalion** en die **Cape Auxiliary Horse Transport.**

Die stigting van eersgenoemde eenheid is op 8 Junie 1916 gemagtig en het uit Kleurlingdokwerkers bestaan. Die mobilisasiedepot was te Rosebank, Kaapstad, en later te Simonstad. Op 1 September 1916 het 1 020 manskappe, gevolg deur 425 op 21 September 1917 en 500 op 12 Mei 1918, in Frankryk aangekom. Hulle het uitstekende werk in Franse hawens verrig en is eers gedurende Julie 1919 na Suid-Afrika teruggestuur.

Teen die einde van 1916 was die mannekragposisie in Europa haglik. Die Britse regering het die Unieregering versoek om agt kompanies, bestaande uit 2 316 Kleurlingdrywers, vir diens in Frankryk te werf. Die Unieregering het 3 482 troepe van 17 Maart 1917 gewerf en die eenheid by De Beers-myne te Kimberley gemobiliseer. Lt kol J. D. Andersen is reeds op 25 Februarie 1917 as bevelvoerder van die groep aangewys.

Die eerste groep het op 2 Julie 1919 met die **Ebani** na Suid-Afrika teruggekeer, terwyl die laaste groep op 22 Augustus 1919 aan boord van die **Chepston Castle** gerepatrieer is.. Ontbinding het spoedig daarna gevolg.

## Tweede Wêreldoorlog

Spoedig na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is besluit om weer van Kleurlinge gebruik te maak ten einde vir die aanvraag na arbeid in die Unieverdedigingsmag voorsiening te maak.

Die vertroue wat in die Kleurlinggemeenskap gestel is, blyk uit die aanhaling uit 'n verklaring van kol E. T. Stubbs, DNEAS (Director Non-European Army Services):

> **When the Union Government asked my opinion as to the possibility of obtaining man-power of the Coloured, to further the war effort, I knew the response would be great.**
>
> **I consulted the leaders of the Coloured, who are all personally known to me, and whose confidence I have, with the result**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

**that with their co-operation recruits of all callings, and representing the cream of the Coloured Communities throughout South Africa, from all corners, flocked to the Colours . . .**

Lt kol C. N. Hoy, DSO, het op 8 Mei 1940 opdrag ontvang om onmiddellik met die rekrutering en vorming van vyf transportkompanies, bestaande uit lede van die Kleurlinggemeenskap te begin. Kimberley sou as basis vir al die gewerfde lede dien en rekruteringsbeamptes sou kantore te Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley en Johannesburg open.

Ten opsigte van werwing is 'n aantal bepalings gemaak. Geen vrywilligers woonagtig in die volgende distrikte mag gewerf word nie: Bredasdorp, Caledon, Ceres, Malmesbury, Montagu, Paarl, Robertson, Somerset-Wes, Swellendam, Tulbagh, Wellington en Worcester. Verder is bepaal dat geen plaasarbeiders vir voltydse militêre diens gewerf mag word nie. In alle gevalle moes ondersoek by landdroste, polisie en boereverenigings ingestel word ten einde te verseker dat die landboubedryf nie van sy arbeiders beroof word nie. Die gevoel was so sterk in die verband dat Kleurlinge uit die distrikte Calitzdorp, Kenhardt, Oudtshoorn, Prins Albert, Somerset-Oos, Uniondale en Upington slegs ingeskryf kon word nadat skriftelike bevestiging van die landdros van die bepaalde distrik ontvang is dat die voornemende lid in alle opsigte vry is van enige verbintenis met die landboubedryf. 'n Verbod is ook op die werwing van Kleurlinge wat geskoolde arbeid in enige oorlogsproduksiebedryf be-oefen, geplaas.

Die eerste groot probleem was om geskikte instrukteurs te vind. Twaalf pelotonsersante van 1 Bataljon **Cape Corps** van die Eerste Wêreldoorlog is egter gewerf en onmiddellik te Kimberley aan 'n opfrissingskursus asook 'n aanvullende opleidingskursus onderwerp. Na afloop van die kursusse is die sersante bevorder tot stafsersant-instrukteur. Al die aanvanklike kompanies het hul basiese opleiding van hierdie instrukteurs ontvang.

Ten einde die akkommodasievraagstuk die hoof te bied, is onderhandelings met De Beers Consolidated Diamond Mines Ltd, Kimberley, aangeknoop met die gevolg dat op 26 Mei 1940 die mynkamp Bultfontein vir die Kleurlingkorps verkry is.

Probleme soos die gebrek aan komberse en jasse was verantwoordelik vir die feit dat die eerste rekrute eers in die begin van Julie ontvang kon word.

Die Kleurlinggemeenskap het so gunstig op die rekruteringsveldtog gereageer dat ook die kampe Du Toitspan en Wesselton van die De Beersmaatskappy gehuur moes word.

Te Bultfontein is 'n motortransportdepot met 'n bestuurderskool ingerig. 'n Goed toegeruste werkswinkel wat alle herstelwerk kon behartig en werktuigkundiges kon oplei, het spoedig gevolg. In totaal is vyftien genommerde motortransportkompanies daar tot stand gebring terwyl talle ander eenhede tot op volle sterkte gebring is deur die voertuigbestuurders wat vandaar uitgeplaas is.

Die Pionier- of Werkedepot is te Du Toitspan gevorm en hierdie kamp was in totaal verantwoordelik vir die vorming van sewentien Pionierskompanies. By Wesselton is die ontvangsdepot ingerig en rekrute het daar hul basiese opleiding ontvang en is vandaar uitgeplaas na die afdeling waar hul opleiding vir bepaalde oorlogsdiens ontvang het. Die beplande ses weke vir basiese opleiding is selde in die praktyk ten volle gebruik, aangesien die aanvraag na lede so groot was dat hulle sonder uitsondering gouer uitgeplaas is.

Die tegniese opleiding is aanvanklik tot voertuigbestuur en -herstel en die maak van paaie beperk. Spesialisopleiding in talle ander vertakkinge is later in die oorlog verskaf namate behoeftes in terme van mannekrag opgeduik het.

Op 15 Julie 1940 het die Adjudant-generaal beslis dat die korpsindeling soos volg sal wees:

a. Kleurlingkorpshoofkwartier.
b. Pionierskompanies.
c. Motortransportkompanies.

Opdrag is verder gegee dat 30% van die reserviste opgelei sal word om 'n depotkompanie te vorm. Die instrukteurs en administratiewe personeel sou uit die Kleurlingkorpshoofkwartier getrek word. Op 21 September 1940 is bepaal dat die motortransportkompanies soos volg sal heet: **A - E MT Companies Cape Corps.** Die aantal kompanies het egter so gegroei dat die alfabet tot by die letter "N" ingespan is.

Voor laasgemelde datum, nl. op 3 en 9 September het A en B Kompanies onderskeidelik

reeds oor Broken Hill na Kenia vertrek. D Kompanie het op 24 September Suid-Afrika verlaat en is deur E Kompanie op 28 September, H Kompanie op 16 Oktober en J Kompanie op 15 November gevolg.

Ten einde 'n beeld te vorm van die geweldige taak wat deur die drywers uitgevoer is, kan die volgende aanhaling uit die **Cape Corps Souvenir** bydra:

> **Until you have travelled on some of these roads and have experienced the trying conditions under which these men have to work you can never appreciate what they are going through, yet you never hear a grouse — on the contrary the men are never anything but cheerful and of good spirit and only too ready to do whatever is required of them.**

Vanaf Nairobi was dit hierdie kompanies se taak om voorrade na die voorste linies te bring oor 'n landskap waar die slegte paaie waarvan melding gemaak is, nie meer bestaan het nie en die vragmotors 'n weg deur die bosagtige streek moes baan. Dikwels is by 'n bestemming aangekom en is gevind dat die troepe reeds vooruitbeweeg het na 'n punt wat nie op die beskikbare kaarte aangedui was nie.

Die vragmotors, bestuur deur lede van die Kleurlingkorps, het spoedig bekendheid verwerf en bekend geraak as "Cape Lorries". Dit dien voorts vermeld te word dat alle eenhede betrokke in die veldtog in hul verslae melding gemaak het van die doeltreffende bevoorradingsdiens wat geheel en al gesteun het op die "Cape Lorries".

In 'n Volksraadsdebat vroeg in 1941 het genl J. C. Smuts die volgende aanmerking oor Kleurlingkorpsdrywers gemaak :—

> **In Eritrea they have won a great name. I have been told by the Commanding Officer that, were it not for the work of our Coloured drivers, the amazing campaigns which took our troops to Keren in a few weeks would not have been possible.**

By Nairobi is die verskillende motortransportkompanies verdeel. Sommige is gestuur ter ondersteuning van die gevegsmagte by die Rudolphmeer terwyl ander gebruik is vir gevegsliniewerk tussen Nairobi, Nanyuki en Wajir terwyl 'n derde groep in die rigting van Mogadiscio beweeg het om vandaar na Addis Abeba oor Jijiga, Harrar en Diredawa op te ruk.

Die aantal Kleurlingkorpskompanies in Oos-Afrika het teen Maart 1941 toegeneem tot 23. Die eerse vier kompanies, nl. A, B, C, en E het intussen oorland met die Nylroete tot in Eritrea gevorder om ter ondersteuning van Britse en Indiese gevegsgroepe aldaar op te tree.

Alle oorblywende Kleurlingkorpsmotortransporteenhede het, namate die gevegsfront in Oos-Afrika verskuif het, in die rigting van Abbesinië en later Eritrea beweeg. By die beslissende slag te Keren was almal teenwoordig. Ongeveer 5 500 lede van die Kleurlingkorps was by die Oos-Afrika-veldtog betrokke as lede van motortransportkompanies, terwyl 1 500 lede by konstruksiekompanies diens gedoen het.

Die behoeftes van die Unieverdedigingsmag het teen die einde van 1941 drasties begin verander. Die oorwinning oor die Italiaanse magte in Abessinië en Eritrea het tot gevolg gehad dat die gevegsfront na die noordelike woestyngebied verskuif het en ook dat die uitgedunde Italiaanse strydmagte deur swaar Duitse versterkings aangevul is. Na die verwoestende veldslag by Sidi Rezegh is die 5de S.A. Brigade aanmerklik uitgedun en het die 1ste S.A. Divisie dringende versterking genoodsaak.

Hierdie aanvraag na versterkings het die oorsaak geword dat talle Kleurlingkorps- motortransportkompanies en werke-eenhede ontbind het en is die lede in groot getalle tot gemelde Divisie, veral as voertuigbestuurders, maar ook as werktuigkundiges, kokke, ens. toegevoeg. Slegs A, B, D, E, en N Kompanies het teen Junie 1942 oorgebly uit die totale reeks motortransportkompanies wat deur Oos-Afrika gekom het.

N Kompanie, later herdoop tot **133 South African Road Motor Transport Company, Cape Corps,** het die moeilike taak om voertuie na Turkye te vervoer, gekry. Hierdie eenheid het vir ses maande duisende voertuie van die Nyl-delta deur die Sinaiwoestyn, Palestina en Sirië na Aleppo vervoer waar die voertuie aan die Turkse owerhede oorhandig is.

Na die veldslag van El Alamein is 1 SA Divisie onttrek aan die krygsverrigtinge en teen die einde van 1942 na Suid-Afrika terugge-

stuur. Hierdie onttrekking het aan 2 000 lede van die Kleurlingkorps die geleentheid besorg om na Suid-Afrika terug te keer. Die einde van 1943 het 'n einde aan die veldtog op die vasteland van Afrika gebring toe die Spilmagte finaal in Tunisië verslaan is. Die inval in Europa het direk daarna gevolg.

Die Kleurlinge wat aan konstruksiekompanies verbonde was, is nie saamgeneem na Europa nie — behalwe in die geval van die **Spoorweg Konstruksiekompanies.** Die aankoms van die 6de SA Pantserdivisie in Europa was egter verantwoordelik vir 21 300 Kleurlingkorpslede wat in verskillende, nie-vegtende, hoedanighede in Italië as voorrade-klerke, voertuigbestuurders en ook in twee veldambulanse as draagbaardraers diens gedoen het.

In Maart 1944 het **104 Kleurlingkorpsbataljon** in Algiers aangekom en die pligte van sekerheidswagte by alle militêre instansies oorgeneem. Twee maande later daag die SA Geniekorps se Vliegveldkonstruksiegroep met 250 Kleurlinge as lede van **157 en 158 Werkskompanies,** asook 50 Kleurlinge in elk van **30 en 32 Padkonstruksiekompanies** in Oran op om daarna na Rabat te vertrek ten einde een van die modernste vliegvelde in Afrika te bou. Die getal geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde Kleurlinge, betrokke by die konstruksiewerk, het tot 600 aangegroei. Teen die einde van 1944 is hierdie taak voltooi en die werksgroepe is na Tripoli-Wes asook na die Midde-Ooste verplaas.

Eenhede van de Kleurlingkorps wat na Mei 1943 tot aan die einde van die oorlog gevorm is vir verskillende take in Afrika het, benewens die bogenoemdes, ook nog die volgende ingesluit: **156 Werke- en Konstruksiekompanie, 136, 137, 138 en 139 Kleurlingkorps-motortransportkompanies.**

**136 en 137 Kleurlingkorps-motortransportkompanies** het in die Nyldelta diens gedoen, terwyl **No. 138 Kompanie** na Gaza in Palestina gestuur is en **No. 139 Kompanie** in die Benghazi-area opgetree het. Benewens hul vervoertake moes hierdie eenhede ook volle verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van verbindingslines in hul onderskeie areas tot aan die einde van die oorlog.

**Tydperk na Tweede Wêreldoorlog**

Met die na-oorlogse herorganisasie van die Unieverdedigingsmag, word die Kleurlingkorps op 4 Julie 1947 as 'n eenheid van die Staande Mag ingelyf. Voordat hierdie eenheid na behore kon fungeer, is dit op 14 April 1949 ontbind.

In 1950 word die **Kleurlingkorps Hulpdiens** kragtens Wet No 43 van 1949 gestig. Na aanleiding van 'n verslag van 'n komitee onder voorsitterskap van mnr. Z. A. Cloete, ondersekretaris van die Staatsdienskommissie, in Junie 1962 word op 1 April 1963 die stigting van 'n Staandemagkorps vir Kleurlinge met ingang van 3 September 1963 gemagtig.